VERJAARSDAE : 30 MEI TOT 5 JUNIE 2010

05/30	BETSIE	JONKER	6DE STRAAT 8	Blok 1
05/31	JONADA	SMIT	WYNANDSKRAAL 307	Blok 4
06/01	THYSIE	GRIESSEL	KRUGERLN 126	Blok 3
06/02	MARLI	VENTER	DF MALANLN 211A	Blok 2
06/02	TRUDIE	VAN NIEKERK	MONT VALON 26	Blok 4
06/02	HENNIE	VILJOEN	VAN RIEBEECKLN 35	Blok 4
06/03	PHILIP	VAN ROOYEN	8 MT CROSSON CLOSE	Blok 4
06/03	RONÉL	VORSTER	KIRKNESSLN 154	Blok 4
06/04	WERNER	DU PREEZ	5DE STRAAT 8	Blok 1
06/04	HERMAN	BEZUIDENHOUT	HANS STRIJDOMLN 216	Blok 2
06/05	IAN	SWANEPOEL	VAN RIEBEECKLN 193A	Blok 2

SPESIALE GELUKWENSING

Hartlik geluk aan oom Herman Bezuidenhout, Hans Strijdomln 218 wat Vrydag 4 Junie 86 jaar oud is. Ons wens hom toe Gods rykste seën en mag die nuwe lewensjaar vol vreugde, geluk en seën wees.

HUWELIKHERDENKINGS

WOENSDAG, 2 JUNIE			
	APIE EN KARIN ERASMUS	THEODORESTR 45	Blok 1
VRYDAG, 4 JUNIE			
	VINCENT EN ALTA VAN WYK	VAN RIEBEECKLN 72	Blok 3
SATERDAG, 5 JUNIE			
	FRIK EN ANÉ STRYDOM	HOFMEYERWEG 15	Blok 1

FONDSINSAMELINGSGELEENTHEID

Kom geniet goeie geselskap en eet heerlike seekos

DINSDAG 1 EN WOENSDAG 2 JUNIE

BY OCEAN BASKET ELDORAIGNE

Deel van die opbrengs van hierdie twee aande kom na die gemeente toe.

Sien julle daar!

Vir meer besonderhede, skakel:

Freddie Schoeman: 664 3751/084 581 8139

GRACE ARTS

Vir alle raamwerk — bekostigbaar

Retha Wessels: 082 772 0955 / 012 664 2303

Krugerlaan 177 (na-ure beskikbaar)

Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

DIE HEROUT

Sondag, 30 Mei 2010

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za

SONDAG, 30 MEI

Drie-eenheidsondag

09:00 Erediens: Freddie Schoeman
09:00 Kinderedienste
18:00 Aanddiens
18:45 Kategese/Ouers kuier saam
19:30 Gesinne kuier/Speel saam

MAANDAG 31 MEI

19:00 Bedieningspanvergadering

DINSDAG, 1 JUNIE

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie
18:30—21:00 Deltakursus

WOENSDAG, 2JUNIE

17:00 Biduur

DONDERDAG, 3 JUNIE

09:00 Bybelstudie Senior Lidmate (Deltakursus)

MAANDAG 7 JUNIE

Uitstappie Klub Immergroen (5 Junie verval)
19:00 Bedryfspanvergadering

DINSDAG, 8 JUNIE

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie
18:30-21:00 Deltakursus

WOENSDAG, 9 JUNIE

Skole sluit

WOENSDAG, 16 JUNIE

JEUGDAG

Inbetaling Diakonie

NUWE INTREKKERS

Ons wil julle graag so gou moontlik tuis laat voel en deel maak van ons geloofsgesin! Bly gerus na die diens agter dan ontmoet ons mekaar voor die kansel. Julle kan ook ds Freddie Schoeman (084 581 8139) of Max Amsenga (012 664 3629) skakel.

VOORBIDDING

1. Pieter en Anna Veldsman, Tecoma 5 met Pieter wat ernstig siek is en ‘n operasie ondergaan het. Hy is weer opgeneem in die hospitaal en dit gaan nie goed nie. (Blok 1).
2. Frieda Collins, Stormstr 259(a) wat aansterk na haar operasie (Blok 4)
3. Michiel en Esmarie van Niekerk, Mont Valon 26, Von Willighln 166 met Esmarie wat tuis aansterk. Dit gaan baie beter. Baie dankie vir die al gebede. (Blok 4).
4. Willie en Tania Neü, Cilliersln 249 met Tania se moeder wat nog ernstig siek is (Blok1).
7. Adolf Crafford, Hans Strijdomln 182 wat nog wag vir ‘n nieroorplanting. Ons dra hom en die hele familie aan die Here op (Blok 2).

BYBELS : COMRADES

Ek het nog geld ingekry vir bybels. 87 bybels se beloftes is nog uitstaande.

Totale beloftes so ver is: R6510.00 = 230 bybels

Geld ontvang beloop: R4560.00 = 143 bybels

Doelwit: 500 bybels minus totale beloftes 230. Nog 270 bybels benodig.

Dankie aan die persone wat reeds bygedra het.

Groete

Lyn

Alpha

'n Geleentheid om die betekenis van die lewe te ontdek

20 Julie 2010—21 September 2010

Elke Dinsdagaand om 18:30—21:00
Kom vra jou vrae
Kom verken die terrein van die geloof
Kom deel in die saamwees

Dui jou belangstelling op 'n terugvoervorm aan of skryf in op ons webblad by
http://www.lytteltonoos.org.za/inligting/alpha.htm

Almal is welkom! Nooi gerus alle ander (familie, vriende, kollegas) wat nog die Alpha-kursus bygewoon het nie.

Vat vyf: identifiseer vyf persone wat nie die Here of die warmte en liefde van 'n geloofsgemeenskap ken nie en bou 'n verhouding met hulle op. Nooi hulle om die Alpha-kursus by te woon.

Wil jy graag dien maar jy weet nie waar nie?
Wil jy weet wat jou talente en spesiale vermoëns is?

ONTDEK JOU POTENSIAAL

Kom vind uit waarmee die Here jou toegerus het
Ontdek jou onontginde natuurlike vermoëns en talente en jou unieke samestelling
Kry duidelikheid oor jou beroepskeuse
Leer hoe om talente om te sit in areas van uitnemendheid
Verneem waar jy 'n unieke bydrae kan lewer

Werkswinkels hierdie jaar:

28 Augustus 2010 (08:00—16:00)
6 November 2010 (08:00—16:00)

Koste: R290
(Sluit in: 'n internet-toets wat vooraf gedoen moet word; kursusmateriaal, verversings en 'n middagete)

Skryf in deur: 'n SMS te stuur aan 0845818139
'n Terugvoervorm te voltooi
Bywoning op ons Facebook bladsy aan te dui
(soek vir NG Gemeente Lyttelton-Oos)

BEGRAFNISBEDIENING
Kom help met die skink van tee en die voorbereiding van verversings met begrafnisse in die gemeente. Dis 'n liefdesdiens wat opreg waardeer word!
Kontak Ria Maree 0126643364

BLOKBEDIENING
Ons is op soek na blokleiers wat gereelde besoeke aan alle lidmate in bloksverband kan koördineer.
Kontak Kobus Badenhorst 0832351084

KLUB IMMERGROEN
Hierdie bediening fokus op ons senior lidmate en het onder andere ten doel om bejaardes te versorg. As jy lief is vir ouer mense, hier is vir jou 'n geleentheid om te dien.
Kontak Rina van der Merwe 0126642469

Weet jy van nood in die gemeente? Moenie huiwer om te skakel nie. Ons help graag waar ons kan.
Kontak Madelaine Steyn 0823542455

2010 Vakansie Program

NG Kerk Lyttelton-Oos

Voldag vakansie programme vir die hele vakansie, elke werksdag!

Laerskool en Hoërskool kinders welkom.

R70 per kind

(afslag vir gesinne)

Registreer vroedtydig om teleurstelling te voorkom.

Daar word mentors en toesig benodig wat op 'n rooster basis betrokke kan raak. Vir meer inligting, skakel

Susan 082 680 3682
Madelaine 082 354 2455

REGSTELLING

GESOEK : TUINWOONSTEL TE HUUR

KLOOFSIG/LYTTELTON OMGEWING

SKAKEL: MOSES: 083 376 8416

VERSORGINGSBEDIENING

Deel van die Here se droom vir ons gemeente is dat elke lidmaat hier tuis en geborge sal voel. Elkeen moet weet dat daar vir hom/haar omgegee word en dat wanneer daar nood is die gemeente gereed staan om te help. Vir hierdie droom om waar te word, het ons mense met "omgee-harte" nodig. Kyk na die bedienings hieronder en kom help daar waar die Here jou hart se punt heen trek!

BERADINGSGROEP

Ons is nie terapeute - nie net mense wat luister en omgee. Dit word baie streng vertroulik hanteer. Die bediening sluit in Trauma - soos dood in familie, inbrake ens. Ook Jeug-probleme – dwelms, drank, hantering van groepsdruk, ensovoorts.

Kontak Madelaine Steyn 0823542455

SIEKE / HOSPITAALBESOEK

Lidmate in die hospitaal word deur die leraar besoek maar dis by verre nie genoeg nie. Mense wat siek is en / of pyn verduur het mense se ondersteuning en onderskraging nodig. Kom help ons om dit te gee! **Kontak Freddie Schoeman (0845818139) Minari Nel (0843178820) Odie Odendaal (0126646526) of Heinz Meissner (0828068530)**

HELPMEKAAR

Kom ons help mekaar om ons talente en gawes
te gebruik tot eer van die Heer!!

Om na ander uit te reik beteken ook om te help waar ons kan, veral in nood en ook wanneer ek tyd of oorvloed het. Vul gerus die vorm wat in die rakkies by die deure beskikbaar is in indien jy graag jou talente en vermoëns beskikbaar kan stel

VOEDSELBEDIEING

Dit is nie net vir mense wat nie kos het om op die tafel te sit nie. Dit is ook vir mense wat opgeneem word in die hospitaal; wat siek is by die huis; wat iemand aan die dood afgestaan het. Ons is daar om hulp te verleen vir twee tot drie aande se etes of enige iets anders wat nodig sou wees. Hier het ons die gemeente se insette en ore en oë nodig om ons in kennis te stel van sulke gevalle.

Kontak Arie Roos 0825786595

TELEFOONBERADING

Vrywilligers word benodig wat bereid sal wees om noodlyndiens te doen vir enige gemeentelid wat nie direk met iemand wil praat nie. Die bediening is 'n 24 uur bediening - dus moet u bereid wees om enige tyd beskikbaar te wees. Daar sal so gou moontlik 'n kursus aangebied word.

Kontak Madelaine Steyn 0823542455

VERVOERBEDIENING

Soms gebeur dit dat een van ons vervoer benodig om inkopies te doen, 'n besoek af te lê of 'n erediens by te woon. As jy bereid is om jou dienste in hierdie verband beskikbaar te stel …

Kontak Hardus du Preez 0828871364

NG Gemeente Lyttelton-Oos
Visie: Dissipels wat vrugte dra tot eer van die Vader



WAAR KAN EK BETROKKE RAAK?

Ons gemeente hardloop om twee bene: 'n bedieningspan en 'n bedryfspan. Die bedieningspan se taak is om die vyf kernprosesse (hierbo uiteengesit) van die gemeente te bestuur en die bedryfspan se taak is om die fassiliteite, finansies, administrasie, kommunikasie en personeel wat hiervoor nodig is beskikbaar te stel.

Ons het altyd te veel om te doen en te min menslike en finansiële hulpbronne! Daarom is daar altyd groot ruimte vir betrokkenheid.

As jy graag betrokke wil raak maar nie weet waar nie, woon gerus Maandagaand 31 Mei se (19:00) *Bedieningspanvergadering* of volgende Maandagaand 7 Junie se *Bedryfspanvergadering* (19:00) by of skakel Wally Haywood (083 272 7071) of Freddie Schoeman (0845818139)

Kyk ook gerus na bedieningsgeleenthede op bladsy 10 en 11 van Die Herout.

AKSIE ARBEIDERS VIR DIE OES

Operasie Mobilisasie (OM) se opleidingspan het vir net meer as 2 weke middestadsblootstelling by die Kruisweg Koffiehuis en Crossroad Kindersorgsentrum gehad.

Ons loof die Here vir al die wonderlike kontaksituasies en dat sy Naam grootgemaak is. Groot impak is gemaak op straat, onder die straatprostitute, by taxi staanplekke, by studente uithangplekke in Hatfield, by die Koffiehuis en met die kinders in die Kindersorgsentrum.

MATLALA UITREIKING IN DIE LIMPOPO PROVINSIE

200 km van Pretoria in dorpies in die Lepelle (Olifantsrivierstreek)
11 tot 21 Junie 2010 in die vakansie (10 dae)
Kampgeld R850; Borgvorms beskikbaar
Kom steek grense oor en straal ons Here se liefde uit aan ander.
Besondere fellowship onder die uitreikspanlede met lofprysing en Bybelstudie. Impak in die gemeenskap. ‘n Lewensverrykende ervaring.

E-pos na jan@alharvest.co.za vir kampvorms en meer inligting.
(082) 925-3557

Barbara Mostert van Lyttelton-Oos se jeug is ook ‘n kontakpersoon:
barbara.ketchup@gmail.com; (072) 197-9991

Bid asseblief dat die volgende voltydse poste gevul kan word:

- Bemarker / fondswerwer (met eie ondersteuning)
- Operasionele Bestuurder (met eie ondersteuning)
- Maatskaplike werker vir die Kindersorgsentrum
- Uitreikwerker na kinders wat op straat woon, werk en bedel

Bid ook asseblief vir ‘n nuwe elektrisiteitsaansluiting by die Kindersorgsentrum in Salvokop.

Groete in ons Here Jesus Christus!

Jan en Elize-Marié van Jaarsveld

VERVOER BENODIG

CMR Lyttelton benodig vervoer vir ’n 28 jarige dame wat aandklasse wil bywoon om haar matriek klaar te maak. Klasse is van Maandag tot Donderdag byRooihuiskraal Laerskool en begin om 18:30-20:30. Sy is woonagtig in Kloofsig. Enige hulp is welkom al kan u haar net een dag ’n week gaan afhaal en oplaai by die klas.
Skakel asseblief vir Nicky (student maatskaplike werker) 073 096 3433

DANKOFFER PER INTERNET

Lidmate is welkom om hulle maandelikse dankoffer / geloofoffer per internet oor te plaas.
Die gemeente se rekeningbesonderhede is as volg:
ABSA Lyttelton / Takkode: 632 005
Gemeentefonds (vir dankoffers) 0600 580 159
Geloofoffer: 4050 438 756

Jy kan ook ons webtuiste besoek by www.lytteltonoos.org.za
en op die GivenGain ikoon klik om dankofferoordrag te vergemaklik

Daar is ook eDebietordervorms in die konsistorie beskikbaar—kom vra vir een na die diens of skakel Sexta Maree by 0126644458 Maandae of Woensdae of op haar sel 0724344670 of vra een aan by ngk@lytteltonoos.org.za.

Vanweë die veiligheidsituasie is dit nie meer wenslik om by huise te kollekteer nie.

ATKV CENTURION

Ons nooi u en die lidmate hiermee hartlik uit na die Elfde W.A. Landman Gedenklesing.

Datum: Maandag 7 Junie 2010
Tyd: 19:00 tot 20:00
Plek: Ouditorium Lyttelton Biblioteek

Prof. W.A. Landman is 'n deurwinterde onderwysman en internasionaalerkende akamiese navorsingspesialis en meesterkenner van die Fundamentele Pedagogiek. As Adjunk Dekaan by UP en jarelange TOvoorsitter het hy inderdaad baanbrekerswerk gedoen.

Ons het die W.A. Landman Gedenklesing elf jaar gelede ingestel om volgehoue fokus op die essensies van die Fundamentele Pedagogiek te behou - juis dit wat vandag in baie ouerhuise, in onderwysersopleiding en in ons onderwysstelsel ontbreek. Prof. Landman word vanjaar 87.

Ons geleentheidspreker vanjaar is genl. Albert Jansen, Direkteur Gesondheid en Beplanning van die SANW met die tema: "Die siel van die Afrikaner- opvoedkundige essensies."

Dries van der Merwe –

'n Pragtige sonnige dag. 'n Aangename groep van 45 Klub Immergroenes van Lyttelton-Oos in die bus op pad na Sammy Marks se paleis van weelde, prag en praal van weleer. Soveel indrukke!

Terug in die verlede:

'n Jood wat in 1868 met een kas messe na Suid-Afrika gekom het, het in 1920 gesterf – 'n skatryk man met baie kaste vol – nie net messe nie maar vele ander skatte.

Die hele huis praat met jou van 'n lewensstyl van weelde, gemak maar ook van karakter.

Wêreldberoemde besoekers (borsbeelde en foto's teen die mure) het by geleentheid daar gasvryheid en ontspanning ondervind. Dit is asof 'n mens van hulle teenwoordigheid bewus word.

Hoe sou die gesprekke geklink het – Sammy met President Paul of Sammy met Cecil John of Louis Botha of Jannie Smuts. Geld praat 'n eie taal en elke mens het 'n prys. Sammy wou ten alle koste vrede hê sodat voorspoed kon gedy. Motief?

Tog, aan die einde van alles was dit ook maar mense soos ons – met geloofsoortuigings, drome, ideale en swakhede.

Ons moet toegee. Sammy die nasaat van Abraham het vernuf aan die dag gelê om al die prestasies te behaal en vele mense op plase, in myne, fabrieke en winkels 'n heenkome te gee.

Jesus sê:

"Salig is die vredemakers want hulle sal kinders van God genoem word"

Wat van Sammy Marks?

KLUB IMMERGROEN UITSTAPPIE
MAANDAG 7 JUNIE 2010 (10:45)

Die uitstappie neem die vorm aan van 'n "brunch" by Irene Melkplaas. Koste ±R50.00 per persoon. Elkeen is verantwoordelik vir sy eie kostes—slegs kredietkaarte. Hou asseblief 'n fooitjie afsonderlik vir die kelners.

Ons maak van eie vervoer gebruik. Persone wat nie vervoer het of nie die pad ken nie, ontmoet mekaar by die parkeerterrein van die kerkkompleks om 10:30.

Navrae: Rina (012) 664 2469 / Thea (012) 664 4717)

KLUB IMMERGROEN DOEN DIT WEER
SAMMY MARKS MUSEUM HIERDIE KEER

(Alet Venter)

'n Windstil sonskyndag
2010 se vyfde Mei
die afgelope tyd se bale reën
skielik verby.
Grundling se bus
met Dirk Els aan die stuur
beteken net een ding:
'n verjongingskuur

Almal vir die geleentheid opgetooi
opvallend die dames in rooi.
Volgens gewoonte Dries wat vra
dat God se genade
ons oor die weg sal dra.
In die bus word geskerts en gelag
bespiegel oor wat vir ons wag
en voor ons gewaar, toe was ons daar.

Oom Sammy se Victoriaanse herehuis
uit vervloë se tyd
kyk rustig oor die pragtige tuine uit
en verplaas ons ter stond
in 'n era verby
vir ons nog net in sprokies te kry.

In die teetuin gesellig
om tafeltjies rond en bont
geniet ons tee en gebak uit die boonste rak
die skons, melk- en appeltert
was voorwaar die moeite werd!

Gedryf tot die spits
word ons in groepe gedeel
elk met 'n gids
opgelei en bekwaam
om vrae te beantwoord en te vertel
van alles en almal van faam
wat jare gelede oor hierdie drumpels gaan
en hulle plek in die huishouding
en ook in ons Republiek van weleer vol staan.

Met ’n kassie sheffield messe
die enigstre bate op sy naam
kom Sammy in 1868 uit Engeland
in Suid-Afrika aan.
Met vernuf en harde werk
leer hy die grootkoppe waardevolle lesse.

Met baie ysters in die vuur
het hy soms glad geen rus of duur
en Bertha Guttmann
met wie hy in 1882 trou
moes nege kinders grootmaak
en tuis die fort hou.
Sy boer met hoenders en sy onthaal
terwyl Sammy toevoeg tot die prag en praal.

Elegansie en outydse swier
vind ons in eetkamers en kombuis
in slaapkamers, biljartkamer
en oral deur die groot huis.
’n Statige trap uit die kiaatboom
outydse meubels om van te droom
koper ledekante met bulsak daarop
hangkaste met spieëls wat alles klop
verstommend die Royal Dalton porselein
gedek op die tafels, so keurig en fyn.

Die aanskoue van soveel uit ons prille jeug
bring opwelling van intense vreug
en dit laat ons jonger voel
as wat ons ouderdom bedoel!

Skielik is die oggend om
dis tyd om by die huis te kom.
Thea verras weer met broodjies en sop
en ’n soet dingetjie
toe ons van die bus af stap
Ds Freddie dank die Heer
vir alles wat ons kon geniet dié keer.

Dankie vir dié wat saam onthou het
en ook aan almal wat saam gekou het.

KLUB IMMERGROEN
UITSTAPPIE SAMMY MARKS MUSEUM

’n Paar gedagtes wat ons ook graag wil bewaar ...

Johan Nel –

’n Belewenis van oud-wêreldse glorie, besigheidsvernuf en die “vriendelike spook” wat oor jou skouer loer en geheimenisse van vervloë tye in jou oor fluister. Ha! Ha!

Terloops, die appeltert was onoortreflik. Welgedaan, Thea!

Heleen Nel –

Ek wens ’n mens kon ’n vlieg teen die plafon gewees het om tydens aandete al die prag en praal te aanskou wat daar uitgestal was.

’n Emosie wat ’n mens nogal ervaar het, is die verganklikheid van alles en al wat agterbly is net die foto’s teen die mure en die vertrekke gevul met herinneringe aan ’n vervloë era in die geskiedenis van ons volk.

Dit is soos die Prediker tereg sê:

“Alles kom tot niks en is ’n gejaag na wind”.

Pieter Hambridge –

THEA NESER – ORGANISEERDER VAN DIE UITSTAPPIE

T = vir die presiese tyd van 08:30 het ons vertrek
H = vir humor, soos altyd ’n metgesel
E = vir eetgoed, toebroodjies en koeldrank vir almal op die bus
A = ons is almal tevrede en gelukkig na nog ’n genotvolle dag

RUSOORD : BEDDENS BESKIKBAAR

Daar is tans 2 beddens beskikbaar in die mansafdeling.

Belangstellendes, skakel matrone Labuschagne by (012) 664 5835.